HIROSHIMA – ‘n Ondraaglike ligtheid.

Julian Müller

Ek sit vlak by die bekende T-vormige brug in die hartjie van Hiroshima. Dit is die brug wat die onmiskenbare teiken gevorm het vir die vlieënier van die bomwerper wat op die 6de Augustus 1945 die atoombom afgegooi het en wat om 08:15 presies bokant die plek waar ek sit, ontplof het. Oorkant die rivier is die enigste stukkie argitektoniese getuienis van wat die omvang van die skade aan strukture was. Wat eens die indrukwekkende gebou met die groen *dome* was, staan nou daar as stukke gebreekte beton en verwronge staal. Behalwe vir daardie gebou en natuurlik die talle monumente en inskripsies hier in die Vredespark, is daar in Hiroshima geen ander teken van die verwoesting wat daardie oggend gesaai is nie.

‘n Paar jaar gelede het ek by ‘n ander monument, vlak by die kampus van die Universiteit van Chicago gestaan. Dit is waar die tegnologie vir die atoombom ontwikkel is, of ten minste waar die wetenskaplike teorie vorm aangeneem het. Aan daardie kant van die wêreld word anders gekyk na en gepraat oor *Little Boy*, soos die A-bom ge-*nickname* is. Aan daardie kant is daar ‘n geneigdheid om die klem te lê op die indrukwekkende wetenskaplike prestasie daarvan om so ‘n bom te kon vervaardig. Daarmee kon die oorlog met Japan omtrent onmiddellik beëindig word, so word gesê. Aan hiérdie kant raak mens weer so intens bewus van die verhale van trauma en lyding. In die museum voel mens om naderhand naar te word van die een foto op die ander van mense en veral kinders wat onherkenbaar verskroei is deur die hitte van die ontploffing. Hoe verskriklik dat dit skynbaar die fynste tegnologie en wetenskaplike kennis is wat tot die verskriklikste verwoesting kan lei.

My gevoel van verwardheid het ‘n paar dae gelede al begin toe ek met die vlug van Asiana Lugredery op Hiroshima kom land het. Ek kon my oë nie glo nie. Onder my het die pragtigste panorama van groen heuwels met ‘n rivierdelta en ‘n moderne stad wat in die voue van groen bosse gebou is, ontvou. Waar is die plat, verwoeste beeld van Hiroshima wat ek vir ‘n leeftyd in my kop gedra het? Ek was vir ‘n ruk oortuig dat ek op die verkeerde vlug beland het en besig is om op ‘n ander plek as Hiroshima te land. Dit is een van die mooiste en mees vooruitstrewende stede wat ek ooit gesien het. Straat op straat met moderne winkels en vriendelike, wellewende mense.

Waar ek gekom het met die verwagting om iets soos ‘n *Auschwitz*-belewenis te hê, ‘n soort neerslagtigheid oor die boosheid van die mensdom, kan ek nie anders as hiervandaan weg te gaan met ‘n teenoorgestelde belewenis nie. Ek voel bemoedig en geïnspireerd deur die potensiaal van mense en van die omgewing. Kyk mens na hierdie plek en sy mense, dan tref dit jou dat daar nogal ‘n bietjie ironie in die naam *Little Boy* sit. Die kragtigste bom se effek verdwerg teen die potensiaal en vermoë van die mens om te herstel. Daar is weinig plekke wat so platgeslaan was as Hiroshima, maar daar is weinig plekke wat ‘n beter getuienis daarvan is dat die mens so veerkragtig en lewendig is soos ‘n klein seuntjie. En nie net die mens nie, die skepping. Iewers in die museum is daar ‘n foto van ‘n blommende kanna wat in dieselfde herfs na die bomaanval tussen die rommel opgekom het en begin blom het. Daardie blom was vir baie juis die inspirasie om nie te gaan lê nie. Na die ontploffing was die oorwegende oortuiging dat dit omtrent 75 jaar gaan neem vir enigiets om

weer in die verskroeide aarde te groei. Die kanna en die pragtige plantegroei wat daar vandag in Hiroshima te sien is, het die negatiwiteit verkeerd bewys. Die verskriklikste bom van die geskiedenis was uiteindelik maar ‘n *Little Boy*!

So word my Hiroshima-besoek ‘n verwarrende ervaring. Ek was gereed vir treurigheid en ek gaan weg met ‘n *unbearable lightness of being* (Kundera). Dit bevestig maar net weer vir my hoe voorlopig al ons indrukke en oortuigings is. Ons maak so maklik finale uitsprake, maar elke ding het twee kante en verskillende perspektiewe. Op ‘n vreemde manier word my Hiroshima-ervaring ook weer ‘n bevestiging van die boodskap van die Opstanding. Verwoesting en dood het nie die laaste sê nie! Hoe vreemd dat ek dit in ‘n nie-Christelike land, en op ‘n plek waar ‘n Christelike land die verwoesting gesaai het, weer moes kom ontdek. Dit word weereens vir my ‘n ontdekking van God op onverwagte plekke. Waar ek gedink het om ‘n grafreuk te kry, het die vars reuk van lente my tussen die oë geslaan. Hiroshima het my weer hoop gegee, en geloof.